28 Junie 1996, R. 1557 van 20 September 1996, R. 1746 van 25 Oktober 1996, R. 2047 van 13 Desember 1996, R. 417 van 14 Maart 1997, R. 491 van 27 Maart 1997, R. 700 van 16 Mei 1997, R. 798 van 13 Junie 1997, R. 1352 van 10 Oktober 1997, R. 785 van 5 Junie 1998, R. 881 van 26 Junie 1998, R. 1024 van 7 Augustus 1998, R. 1723 van 30 Desember 1998, R. 315 van 12 Maart 1999, R. 568 van 30 April 1999, R. 1084 van 10 September 1999, R. 1299 van 29 Oktober 1999, R. 502 van 19 Mei 2000, R. 849 van 25 Augustus 2000, R. 373 van 30 April 2001, R. 1088 van 26 Oktober 2001, R. 1755 van 5 Desember 2003, R. 229 van 20 Februarie 2004, R. 1343 van 12 Desember 2008, R. 1345 van 12 Desember 2008, R. 516 van 8 Mei 2009, R. 518 van 8 Mei 2009, R. 86 van 12 Februarie 2010, R. 87 van 12 Februarie 2010, R. 88 van 12 Februarie 2010, R. 89 van 12 Februarie 2010, R. 90 van 12 Februarie 2010, R. 500 van 11 Junie 2010, R. 591 van 09 Julie 2010, R. 980 van 19 November 2010, R. 981 van 19 November 2010, R. 464 van 22 Junie 2012, R. 992 van 7 Desember 2012, R. 114 van 15 Februarie 2013, R. 262 van 12 April 2013, R. 471 van 12 Julie 2013, R. 472 van 12 Julie 2013, R. 759 van 11 Oktober 2013, R. 212 van 28 Maart 2014, R. 213 van 28 Maart 2014, R. 214 van 28 Maart 2014, R. 30 van 23 Januarie 2015, R. 31 van 23 Januarie 2015, R. 317 van 17 April 2015, R. 781 van 31 Augustus 2015, R. 3 van 19 Februarie 2016, R. 678 van 3 Junie 2016, R. 1055 van 29 September 2017, R. 1272 van 17 November 2017, R. 1318 van 30 November 2018, R. 61 van 25 Januarie 2019, R. 842 van 31 Mei 2019, R. 1343 van 18 Oktober 2019, R. 107 van 7 Februarie 2020, R. 1157 van 30 Oktober 2020, R. 1603 van 17 Desember 2021, R. 2133 van 3 Junie 2022, R. 2413 van 26 Augustus 2022, R. 3397 van 12 Mei 2023, R. 4477 van 8 Maart 2024, R. 5124 van 16 Augustus 2024, R. 5560 van 22 November 2024, R. 6230 van 30 Mei 2025, R. 6504 van 15 Augustus 2025 en R. 6753 van 24 Oktober 2025.

Wysiging van reël 1 van die Reëls

2. Reël 1 van die Reëls word hierby gewysig—
- (a) deur die omskrywing van “**aflewer**” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**aflewer**” die betekening van afskrifte aan alle partye en die indiening van die oorspronklike by die griffier, óf deur die e-geregtigheidstelsel of die konvensionele metorde en ‘aflewering’ en ‘afgelewer’ het ooreenstemmende betekenis”;

- (b) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “**balju**” in te voeg:
- “**dienstoonbank** ’n dienspunt onder beheer van die griffier om gedingvoerders asook lede van die publiek, by te staan om stukke op die e-geregtigheidstelsel in te dien, te beteken of in te lewer of toegang daartoe te kry;”;
- ‘**e-geregtigheidstelsel**’ die elektroniese stelsel vir indiening, betekening of inlewering van stukke, die administrasie van hofsakklêers en die beregtiging van sake soos in hierdie reëls bepaal;
- ‘**elektronies**’ tegnologie, wat elektriese digitale, magnetiese, draadlose, optiese, elektromagnetiese of ander ontasbare vorme of soortgelyke vermoëns het;
- ‘**elektroniese kommunikasie**’ ’n kommunikasie by wyse van data of databoodskappe soos in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), bepaal;
- ‘**elektroniese e-posadres**’ enige elektroniese adres waarheen of van waar ’n e-pos, soos in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), omskryf, gestuur of ontvang word;”;
- (c) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “**gekombineerde dagvaarding**” in te voeg:
- “ **‘geregistreerde gebruiker**’ ’n persoon of entiteit wat geregistreer is om die e-geregtigheidstelsel te gebruik;”;
- (d) deur die omskrywing van “**griffier**” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**griffier**’ ook ’n [**assistent-griffier**] senior of hoof-griffier;”;
- (e) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “**griffier**” in te voeg:
- “ **‘harde kopie**’ inligting uiteengesit op papier en ‘harde kopieë’ het ’n ooreenstemmende betekenis;
- ‘**hiperskakel**’ dit wat in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), daaraan toegeskryf is en ook ’n sleutelwoord of verwysing in ’n teks wat ’n skakel na ’n ander teks voorsien;”;
- (f) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “**hofdag**” in te voeg:
- “**konvensionele metode**’ die metode vir die indiening, betekening en inlewering van harde kopieë van hofstukke, pleitstukke, kennisgewings

- of ander stukke, die administrasie van hofsaaklêers en die aanhoor van sake, in gebruik voor die inwerkingtreding van die e-geregtigheidstelsel”;
- (g) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “***mutatis mutandis***” in te voeg:
- “‘onderteken’ om ’n handtekening, ook ’n elektroniese handtekening, bestaande uit die voorletter of naam van die persoon wat onderteken, in enige font, styl of grootte te maak of aan te heg wat deur die persoon bedoel word om te dien as ’n hantekening en ook ’n gevorderde elektroniese handtekening soos in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), bedoel en ‘het onderteken’ het ’n ooreenstemmende betekenis.”;
- (h) deur in die Engelse teks die omskrywing van “**party**” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘party’ or any reference to a plaintiff or other litigant [in terms], includes such party’s attorney with or without an advocate, as the context may require;”;
- (i) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “**party**” in te voeg:
- “‘PDF’ ’n draagbare dokumentformaat, naamlik ’n lêerformaat wat die presiese formaat preserveer, met inbegrip van die font en kleur van enige brondokument, ongeag die toepassingsplatform wat gebruik is;” en
- (j) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “**regter**” in te voeg:
- “‘stuk’ enige geskrewe, gedrukte of elektroniese aangeleentheid, met inbegrip van pleitstukke, kennisgewings en data en databoodskappe soos in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002);”.

Invoeging van reëls 1A en 1B in die Reëls

3. Die volgende reëls word hierby na reël 1 in die Reëls ingevoeg:

“Toepassing van die e-geregtigheidstelsel

1A. Die e-geregtigheidstelsel is van toepassing in daardie howe waar dit in werking is.

E-geregtigheidstelsel

1B. (1) Die e-geregtigheidstelsel is van toepassing op—

- (a) die uitreiking van dagvaardings en aansoeke;
- (b) die betekening van dokumente onderhewig aan die bepalings van subreël (17);
- (c) die indiening van stukke en inlewering van oorkondes;
- (d) die aanhoor van sake soos in hierdie reëls voor voorsiening gemaak;
- (e) toegang tot elektroniese lêers van hofsake; en
- (f) appelle en hersienings.

(2) Elke geregistreerde gebruiker moet —

- (a) 'n elektroniese e-posadres vir die duur van registrasie op die e-geregtigheidstelsel onderhou;
- (b) akkurate kontakbesonderhede onderhou soos deur die e-geregtigheidstelsel vereis vir die duur van registrasie;
- (c) die e-registrasiestelsel bywerk binne 24-uur sedert enige verandering in die inligting wat met registrasie verstrekkend is; en
- (d) seker maak dat stukke leesbaar en korrek georiënteer is voordat die stuk op die e-geregtigheidstelsel vasgelê word.

(3) (a) Elke geregistreerde gebruiker stem in om stukke van ander geregistreerde gebruikers en die griffier te ontvang, slegs ten opsigte van die aangeleentheid waartoe die geregistreerde gebruiker 'n party is of op rekord is.

(b) Onderhewig aan die bepalings van subreël (17), wanneer 'n stuk ookal aan 'n geregistreerde gebruiker beteken moet word, word betekening by die elektroniese posadres van sodanige geregistreerde gebruiker op die e-geregtigheidstelsel, geag betekening by sodanige geregistreerde gebruiker se elektroniese posadres te wees.

(c) Die griffier van die hof kan deur die e-geregtigheidstelsel stukke na 'n geregistreerde gebruiker stuur.

(4) (a) Slegs stukke in PDF-formaat mag op die e-geregtigheidstelsel opgelaai word.

(b) Stukke wat op die e-geregtigheidstelsel opgelaai word,—

(i) moet geformateer wees ooreenkomstig die reëls wat die formattering van harde kopieë van stukke reël, met inbegrip van bladsybeperkings en fontstyl en -grootte;

(ii) moet nie gesluit of andersins deur 'n sleutelwoord beskerm wees nie;

(iii) moet aan die maksimum grootte vir lêers voldoen wat deur die e-geregtigheidstelsel toegelaat word; en

(iv) moet leesbaar wees:

Met dien verstande dat enige elektroniese stuk wat na PDF omgeskakel word, in die oorspronklike formaat behou word totdat die saak as afgehandel beskou word.

(c) Aanhangsels en bewyse soos fisieke bewyse en demonstratiewe bewysstukke, wat nie in PDF-formaat geliasseer kan word nie, moet deur die konvensionele metode geliasseer word of moet in 'n formaat geliasseer word soos die hof gelas.

(d) Waar 'n aanhangsel of bewysstuk ingevolge paragraaf (c) geliasseer word, moet 'n stuk waarin die aanhangsels vermeld word, op die e-geregtigheidstelsel vasgelê word.

(5) Hiperskakels en ander elektroniese navigasiehulpmiddels, kan in 'n stuk ingesluit word as 'n hulpmiddel vir die hof: Met dien verstande dat—

(a) elke hiperskakel 'n teksverwysing na die bron van die skakel bevat;

(b) hiperskakels gebruik word om 'n elektroniese skakel na ander dele van dieselfde stuk of ander dele van die hofsaaklêer te voorsien;

(c) hiperskakels na aangehaalde gesagte, vervang nie die standaard aanhalingsformaat vir statute, uitsprake, reëls of ander aangehaalde materiaal waar sodanige standaard aanhaling vereis word nie; en

(d) hiperskakels in pleitstukke is beperk tot stukke wat by die stukke ingedien is.

(6) (a) Wanneer 'n party ook al 'n harde kopie moet indien, moet die harde kopie geskandeer, na PDF omgeskakel en op die e-geregtigheidstelsel gelaai word.

(b) 'n Party wat 'n harde kopie deur die e-geregtigheidstelsel indien, moet sodanige harde kopie in sy of haar bewaring of beheer hou en moet daardie harde kopie aan die hof voorlê, indien die hof dit gelas.

(c) Die harde kopie wat ingedien en gehou is, moet aan die hof beskikbaar wees vir die duur van die aangeleentheid waarin dit ingedien is en moet gehou word totdat die saak as afgehandel beskou word.

(d) Die hofsaaklêer moet enige harde kopie insluit wat ingedien is en op die e-geregtigheidstelsel opgelaai is: Met dien verstande dat dit nie nodig sal wees vir sodanige harde kopie om deur die hof bygehou en gehou te word nie.

(7) Stukke wat groter is as die maksimum toegelate grootte deur die e-geregtigheidstelsel aangedui, kan ingedien word as dit in onderskeie dele verdeel is, wat elk voldoen aan die e-geregtigheidstelsel se grootte beperkings.

(8) Stukke wat bestaan uit beelde anders as teks, moet geskandeer word teen 'n voldoende beeldskerpheid om te verseker dat die beeld leesbaar en akkuraat uitkom.

(9) (a) Waar partye ooreenkom oor bewysstukke wat in getuienis by 'n verhoor aangebied gaan word, moet sodanige bewysstukke gemerk en op die e-geregtigheidstelsel ingedien word, behalwe waar die konvensionele metode gebruik moet word.

(b) Bewysstukke wat by verhore aangebied word, wat in 'n elektroniese formaat gehou kan word, moet in daardie formaat gehou word vir die doeleindes van die hofhoorkonde.

(10) (a) Sake wat voor die inwerkingtreding van die e-geregtigheidstelsel begin het, gaan met die konvensionele metode voor totdat dit afgehandel is, tensy—

(i) die partye ooreengekom het om die e-geregtigheidstelsel te gebruik; of

(ii) die voorsittende regter gelas dat die e-geregtigheidstelsel gebruik moet word.

(b) Indien aldus ooreengekom of gelas, is elke party verantwoordelik vir die skandering van hardekopiestukke in PDF-formaat sodat dit op die e-geregtigheidstelsel gelaai kan word.

(11) (a) Die tydperke wat deur die Reëls vir aflewering en inlewering van stukke voorgeskryf word, is ook op die e-geregtigheidstelsel van toepassing.

(b) Stukke wat op die e-geregtigheidstelsel ingedien is na afloop van die tyd deur reël 3 voorgeskryf, word geag op die volgende hofdag ingedien te wees.

(12) Indien 'n tegniese probleem voorkom dat 'n stuk op 'n bepaalde dag opgelaai of afgelewer word, is die volgende reëls van toepassing:

(a) Die geregistreerde gebruiker moet die stuk volgens die konvensionele metode aflewer;

(b) By die indiening van die stuk, moet die griffier van die hof die stuk op die e-geregtigheidstelsel oplaai; en

(c) As 'n stuk nie afgelewer word binne die tydbepelings deur die reëls voorgeskryf nie, is die bepalings van reël 27 van toepassing.

(13) Behoudens die bepalings van subreël (12), word aflewering of indiening geag plaasgevind het wanneer die e-geregtigheidstelsel 'n kennisgewing genereer.

(14) (a) Die griffier kan enige ingediende stuk van die hand wys indien sodanige stuk nie aan reël 1B(4) voldoen nie.

(b) Waar 'n stuk van die hand gewys word—

(i) moet die griffier, binne 48 uur, die party wat die stuk indien, daarvan in kennis stel deur 'n kennisgewing te stuur wat die verwerping en die rede daarvoor sal aanteken; en

(ii) moet sodanige party, binne een dag, die stuk in die korrekte formaat hervoerlê:

Met dien verstande dat hierdie reël nie die tydsbepelings in die Reëls voorgeskryf, sal verander nie.

(15) Alle aangeleenthede deur die e-geregtigheidstelsel uitgereik, kan deur die e-geregtigheidstelsel bereg word, tensy 'n hof anders gelas.

(16) Die dienstoonbank lewer bystand—

(a) deur te verduidelik hoe die e-geregtigheidstelsel werk;

(b) met die skandering en omskakeling van 'n harde kopie na PDF vir uitreiking deur die griffier van die hof;

- (c) met die indiening of inlewering van 'n harde kopie deur die stuk te skandeer en na PDF om te skakel end dit onder die tersaaklike saaknommer op te laai;
- (d) met die betekening deur die e-geregtigheidstelsel van 'n harde kopie, met uitsondering van stukke wat die proses begin, aan 'n geregistreerde gebruiker deur die stuk te skandeer en na PDF om te skakel en die stuk onder die tersaaklike saaknommer op te laai;
- (e) met die registrasie van 'n gedingvoerder wat om registrasie op die e-geregtigheidstelsel aansoek doen;
- (f) met versoeke om toegang tot hofsaaklêers, met inbegrip van, waar versoek, afskrifte van stukke, of oordrag van stukke na 'n elektroniese posadres of eksterne toestel; en
- (g) met enige ander dienste of bystand wat benodig word wat met die e-geregtigheidstelsel verband hou.

(17) (a) Waar die party wat die betekening doen en die party wat beteken word, geregistreerde gebruikers is, word betekening deur die e-geregtigheidstelsel gedoen, behalwe betekening deur die balju of soos deur die hof gelas.

(b) Betekening van 'n stuk, behalwe betekening deur die balju, welke betekening deur of aan 'n party wat nie 'n geregistreerde gebruiker is nie, moet met die konvensionele metode gedoen word: Met dien verstande dat bewys van betekening by die griffier of hulptoonbank ingedien moet word terselfdertyd as die stuk wat aldus beteken word."

Wysiging van reël 4A van die Reëls

4. Reël 4A van die Reëls word hierby gewysig—

- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"Betekening van dokumente en [kennisgewings]";

- (b) deur subreël (1) deur die volgende subreël te vervang:

"(1) Betekening van alle daaropvolgende dokumente [en kennisgewings] , wat nie onder reël 4(1)(a) val nie, in enige verrigtinge op enige ander party by die litigasie mag uitgevoer word op een of meer van die volgende wyses na die adres of adresse soos voorgelê deur

daardie party behoudens reëls 6(5)(b), 6 (5)(d)(i), 17(3), 19(3) of 34(8)—

(a) per hand by die fisiese adres wat vir betekening voorgelê is[, of]

(b) per geregistreerde pos na die posadres wat voorgelê is[,]; of

(c) per faksimilee of elektroniese pos na die onderskeie adresse wat voorgelê is.”.

(c) deur subreël (5) te herroep.

Wysiging van reël 6 van die Reëls

5. Reël 6 van die Engels van die Reëls word hierby gewysig deur in subreël (12) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) A person against whom an order was granted in such person's absence in an urgent application may by notice, set down the matter for reconsideration of the order.”.

Wysiging van reël 37 van die Reëls

6. Reël 37 van die Reëls word hierby gewysig deur in subreël (6) paragraaf (j) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(j) welke party vir—

(i) die kopiëring en ander voorbereiding van dokumente, met ingebrip van 'n bondel vir verhoor, waar die konvensionele metode gebruik word; en

(ii) die voorbereiding van dokumente, met inbegrip van 'n elektroniese bondel vir verhoor, waar die e-geregtheidstelsel gebruik word,

verantwoordelik sal wees;”.

Wysiging van reël 37A van die Reëls

7. Reël 37A van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur in subreël (7) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) (i) van die datum, tyd en plek van 'n saakbestuurkonferensie in die aangeleentheid waaroor 'n saakbestuurregter gaan voorsit; en

- (iii) hetsy die saakbestuurkonferensie met die konvensionele metode of die e-geregtigheidstelsel gehou gaan word;”;
- (b) deur in subreël (9) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(b) 'n Saakbestuurregter kan, by die oorweging van die verklaring deur die partye in paragraaf (a) bedoel, beveel—
- (i) dat verskyning deur een of al die partye van afgesien word; en
- (ii) hetsy die saakbestuurkonferensie met die konvensionele metode of die e-geregtigheidstelsel gehou gaan word;”;
- en
- (c) deur subreël (13) deur die volgende subreël te vervang:
- “(13) Die oorkonde van die saakbestuurkonferensie, met inbegrip van die notule deur die partye by die saakbestuurregter ingedien, enige voorskrifte deur die regter uitgereik en die regter se rekord van die geskilpunte wat in die aksie aangehoor staan te word, maar met uitsondering van enige skikkingsbesprekings en aanbiedinge, word ingesluit in die hoflêer **[wat aan]** vir die verhoorregter **[voorgelê gaan word]**”.

Wysiging van reël 49 van die Reëls

8. Reël 49 van die Reëls word hierby gewysig—
- (a) deur in subreël (1) paragrafe (b) en (e) onderskeidelik deur die volgende paragrafe te vervang:
- “(b) Wanneer verlof om te appelleer nodig is en dit nie ten tyde van die uitspraak of bevel **[aangevra]** om aansoek gedoen is nie, moet binne vyftien dae nadat die uitspraak of bevel waarteen geappelleer word, gegee is, aansoek om sodanige verlof gedoen word en die gronde daarvoor verstrek word: Met dien verstande dat—
- (i) wanneer die hof die redes of die volledige redes vir sy bevel op 'n later datum as die datum van die bevel gee, sodanige aansoek binne vyftien dae na sodanige later datum gedoen kan word[: **Met dien verstande voorts dat**];

(ii) die hof by die aanvoering van goeie gronde gemelde tydperke van vyftien dae kan verleng.

(e) Sodanige aansoek word aangehoor deur die regter wat by die verhoor voorgesit het of, indien [hy] daardie regter nie beskikbaar is nie, deur 'n ander regter van die afdeling waarvan bedoelde regter, toe [hy] daardie regter aldus voorgesit het, lid was.”;

(b) deur subreël (5) te skrap;

(c) deur in subreël (6) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) (i) ’n Appellant moet, binne 60 dae na aflewering van ’n kennisgewing van appèl, by die griffier van die afdeling waar die appèl aangehoor gaan word, vir ’n datum vir die verhoor van sodanige appèl aansoek doen en moet—

(aa) die griffier voorsien van die appellant se regsverteenwoordiger se fisiese en elektroniese posadresse; of as die appellant nie verteenwoordig is nie, dan die appellant se volle woonadres en ’n elektroniese posadres, indien die appellant ’n elektroniese posadres het; en

(bb) die naam en adres van elke ander party tot die appèl verstrek.

(ii) Sou die appellant versuim om aansoek te doen om ’n verhoordatum soos in subparagraaf (i) bedoel, kan die respondent binne 10 dae na die verstryking van die vermelde tydperk van 60 dae, aansoek doen om die terrolleplasing van die appèl of enige kruisappèl wat sodanige respondent moontlik genoem het.

(iii) Indien geen aansoek om ’n datum van terrolleplasing deur enige van die partye gedoen word nie, word die appèl en enige kruisappèl geag te verstryk het en enige van die partye kan by die hof aansoek doen om ’n bevel wat die verstryking van die appèl bevestig: Met dien verstande dat die respondent die reg het om aansoek te doen om ’n bevel vir enige vermorste koste.”;

(d) deur in subreël (7) paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang:

“(a) (i) Gelyktydig met die aansoek om ’n datum vir die aanhoor van ’n appèl ingevolge subreël (6)(a), moet die aansoeker ’n afskrif van die appèlnotule aflewer: Met dien verstande dat waar die e-geregtigheidsstelsel nie operasioneel is in die afdeling waar die appèl verhoor gaan word nie, die appellant drie afskrifte van die appèlnotule by die griffier moet indien en twee afskrifte aan die respondent verstrek.

(ii) Die appellant moet daarbenewens ’n volledige indeks en afskrifte van alle stukke, dokumente en bewysstukke in die saak aflewer, behalwe formele en onbelangrike dokumente: Met dien verstande dat sodanige weglatings in die vermelde indeks genoem moet word.

(b) Die griffier van die hof wat die appèl of enige kruisappèl gaan aanhoor, moet daarna ’n datum vir die aanhoor van die appèl toeken of vir enige aansoek vir kondonاسie en die appèl, na gelang van die geval, en moet die aansoek om kondonاسie en appèl terrolle plaas vir verhoor op die vermelde datum en moet die partye ten minste 20 dae kennis gee van die datum aldus toegeken.”;

(e) deur in subreël (7) paragrawe (c) en (d) te skrap;

(f) deur subreëls (8), (9) en (10) deur die volgende subreëls te vervang:

“(8) Die appèlnotule in subreël (7)(a)(i) moet duidelik in dubbelspasiëring getik word, die bladsye daarvan moet opeenvolgend genommer wees en elke tiende lyn op elke bladsy moet genommer wees.

(9) (a) Met [toestemming van] ooreenstemming tussen die partye kan bewysstukke en aanhangsels wat nie op die geskilpunt in die appèl betrekking het nie en ontersaaklike dele van lang dokumente weggelaat word.

(b) Die [toestemming] ooreenstemming, waarin uiteengesit word watter dokumente of dele van dokumente weggelaat is, word deur die partye onderteken en by die appèlnotule gevoeg[. Die]: Met dien verstande dat die hof wat die appèl aanhoor, kan beveel dat die hele notule [aan hom voorgelê] beskikbaar gestel word.

(10) Wanneer die beslissing van ’n appèl uitsluitend van ’n regspunt afhang, kan die partye toestem om sodanige appèl aan die hof

in die vorm van 'n gestelde saak voor te lê, in welke geval **[afskrifte van]**, net dié gedeeltes van die notule wat vir die behoorlike beslissing van die appèl nodig mag wees, **[voorgelê]** afgelewer word: Met dien verstande dat die hof wat die appèl aanhoor, kan beveel dat die hele notule **[aan hom voorgelê]** beskikbaar gestel word.”;

(g) deur subreël (12) te skrap;

(h) deur in subreël (13) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Tensy die respondent van sy of haar reg tot sekuriteit afstand doen, of die hof by die toestaan van verlof om te appelleer of op aansoek daarna gebring, die appellant in die geheel of gedeeltelik van dié verpligting vrygestel het, moet die appellant, voor indiening van **[afskrifte van]** die appèlnotule by die griffier, voldoende sekuriteit vir die respondent se koste van appèl verskaf.”.

(i) deur subreël (14) te skrap;

(j) deur subreël (15) deur die volgende subreël te vervang:

“(15) Minstens vyftien dae voor die verhoor van die appèl moet die appellant 'n bondige opgawe aflewer van die hoofpunte **[([sonder om daaroor uit te brei])]**, wat **[hy]** die aansoeker op appèl wil aanvoer, tesame met 'n lys van die bronne wat ter staving van elke punt aangehaal sal word, en minstens tien dae voor die verhoor van die appèl, moet die respondent 'n dergelike opgawe aflewer**[. Drie]: Met dien verstande dat waar die e-geregtigheidsstelsel nie operasioneel is nie, drie** addisionele afskrifte **[word]** in elke geval by die griffier ingedien word.”.

Wysiging van reël 49A van die Reëls

9. Reël 49A van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur in subreël (1) paragrafe (a) en (b) deur die volgende paragrafe te vervang:

“(a) Binne 10 dae nadat verlof om te appelleer ingevolge artikels 316 tot en met 319 van die Strafproseswet 51 van 1977, toegestaan is—

[, moet die appellant 'n kennisgewing wat die volledige woon en posadres van die appellant en die adres van sy of haar

regsverteenwoordiger bevat, aan die betrokke griffier en direkteur van openbare vervolgings aflewer.]

- (i) moet die appellant se regsverteenwoordiger 'n kennisgewing met die fisiese en elektroniese posadres van sodanige regsverteenwoordiger aan die griffier en die direkteur van openbare vervolgings, aanstuur; of
- (ii) indien die appellant nie regsverteenwoordiging het nie, moet die appellant self elektronies 'n kennisgewing met die volle woonadres en posadres van die appellant en 'n elektroniese posadres, as die appellant 'n elektroniese posadres het, aan die griffier of direkteur van openbare vervolgings aanstuur of beteken.

(b) In die geval van 'n appèl na die volle hof ingevolge artikel 315(3) van die Strafproseswet 51 van 1977, moet die griffier, behoudens die bepalings van artikel 316(5)(b) van die vermelde Wet, 'n elektroniese afskrif van die saakoorkonde of dele daarvan, na gelang van die geval, voorberei en moet die Staat voorsien van 'n afskrif en, by betaling van die voorgeskrewe gelde deur die appellant of die appellant se regsverteenwoordiger, die appellant of regsverteenwoordiger voorsien van die elektroniese kopie van die oorkonde: Met dien verstande dat indien die griffier van mening is dat die appellant nie die voorgeskrewe geld kan betaal nie, kan die oorkonde kosteloos verstrek word.”;

(b) deur in subreël (1) paragraaf (c) te skrap;

(c) deur in subreël (2) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) In elke geval moet **[vier afskrifte van sodanige]** skriftelike betoogshoofde gelyktydig by die griffier ingedien word: Met dien verstande dat waar die e-geregtigheidstelsel nie operasioneel is nie, vier afskrifte van die betoogshoofde ingedien moet word.”; en

(d) deur subreël (4) deur die volgende subreël te vervang:

“(4) Die finale verantwoordelikheid om te verseker dat **[alle afskrifte van]** die appèloorkonde en al die nodige bewysstukke behoorlik voor die hof is, rus op die appellant **[of sy of haar]** se regsverteenwoordiger: Met dien verstande dat waar die appellant nie **[deur 'n regsverteenwoordiger verteenwoordig word]**

regsverteenwoordiging het nie, sodanige verantwoordelikheid by die direkteur van openbare vervolgings berus."

Wysiging van reël 50 van die Reëls

10. Reël 50 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (4) deur die volgende subreël te vervang:

"(4) (a) Die appellant of sodanige appellant se regsverteenwoordiger moet, binne 40 dae sedert kennisname van die appèl, skriftelik by die griffier aansoek doen dat 'n datum vir die verhoor van die appèl toegewys word en moet terselfdertyd—

(iii) kennis van die aansoek aan alle ander partye gee; en

(iv) indien die appellant regsverteenwoordiging het, moet sodanige regsverteenwoordiger die griffier skriftelik in kennis stel van die regsverteenwoordiger se fisiese en elektroniese posadres; of

(iii) indien die appellant nie regsverteenwoordiging het nie, moet die appellant die griffier inlig van sy of haar volle woonadres en posadresse en 'n elektroniese posadres as die appellant elektroniese pos het.

(b) By ontstentenis van so 'n aansoek deur die appellant kan die respondent of die respondent se regsverteenwoordiger, te eniger tyd voor verstryking van die tydperk van 60 dae bedoel in subreël (1), op dieselfde wyse om 'n datum van aanhoring aansoek doen.

(c) By ontvangs van so 'n aansoek **[van]** deur of namens die appellant of die respondent word die appèl geag behoorlik voortgesit te wees.";

(b) deur in subreël (7) paragrawe (a), (b) en (c) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(a) Die aansoeker moet, terselfdertyd as die aansoek om 'n datum vir die aanhoor van die appèl in subreël (4) bedoel, afskrifte van die oorkonde wat ingevolge paragraaf (c) gesertifiseer is, by die griffier indien en aan alle ander partye beteken: Met dien verstande dat waar die e-geregtigheidsstelsel nie operasioneel is nie, die aansoeker twee afskrifte van die oorkonde by die griffier moet indien en op versoek deur

die griffier soveel bykomende afskrifte moet indien soos nodig mag wees waar die appèl deur meer as twee regters aangehoor gaan word.

(b) Die oorkonde moet duidelik getik wees, in dubbelspasiëring, die bladsye moet opeenvolgend genommer wees en elke tiende lyn op elke bladsy moet genommer wees.

(c) Die oorkonde moet 'n korrekte en volledige afskrif van die pleitstukke, getuienis en alle dokumente bevat wat vir die aanhoor van die appèl nodig is, saam met 'n indeks daarvan, en moet as korrek gesertifiseer wees deur die regspraktisyn of party wat die oorkonde indien of deur die persoon wat die oorkonde voorberei het.”;

(c) deur in subreël (7) paragraaf (d) te skrap;

(d) deur in subreël (8) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Behalwe vir sover hulle die meriete van 'n appèl raak, word getuiedagvaardings, kennisgewings van verhoor, toestemmings tot uitstel, opgawes van dokumente, kennisgewings om bloot te lê of insae toe te laat en ander dokumente van formele aard uit die oorkonde weggelaat **wat ingevolge subreël (7) voorberei word[, maar] Met dien verstande dat 'n lys [daarvan word] van die dokumente wat weggelaat is, in die oorkonde bygevoeg word.**”; en

(e) deur subreël (9) deur die volgende subreël te vervang:

“(9) (a) Nie minder nie as 15 dae voor die appèl aangehoor word, moet die appellant 'n kort en bondige verklaring van die hoofpunte aflewer, sonder uitweiding, wat die appellant by appèl wil aanvoer, asook 'n lys van die gesagte wat ter staving van elke punt aangebied gaan word.

(b) Nie minder nie as 10 dae voor die appèl aangehoor word, moet die respondent 'n soortgelyke verklaring aflewer.”.

Wysiging van reël 51 van die Reëls

11. Reël 51 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (2) deur die volgende subreël te vervang:

“(2) Ongeag enigiets tot die teendeel in enige reël vervat, kan ’n kennisgewing aan ’n appellant of sy of haar regsverteenwoordiger beteken word—

(a) deur die e-geregtigheidstelsel, waar operasioneel, indien die appellant se regsverteenwoordiger of die appellant toegang tot die e-geregtigheidstelsel het;

(b) deur ’n e-pos as die appellant of sy of haar regsverteenwoordiger ’n elektroniese posadres verstrek het;

(c) deur die balju of enige persoon wat gemagtig is om namens die Staat te beteken, by ’n adres op die kennisgewing van appèl of wat die appellant of sy of haar regsverteenwoordiger daarna aan die griffier verstrek het; of

(d) behalwe wanneer geen ander middele beskikbaar is nie, per geregistreerde pos na ’n adres in paragraaf (c) bedoel.”; en

(b) deur in subreël (5) subparagraaf (b)(ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(ii) deur die e-geregtigheidstelsel, waar operasioneel, gestuur word of na ’n elektroniese posadres, welke ook al van toepassing is:

Met dien verstande dat waar die appellant in aanhouding is, dit aan die hoof van die korrektiewe sentrum beteken moet word, wat ’n harde kopie van die kennisgewing aan die appellant moet oorhandig.”.

Wysiging van reël 52 van die Reëls

12. Reël 52 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur in subreël (1) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) ’n hof ingevolge artikel 319 van genoemde Wet ’n regsvraag wat by die verhoor van ’n appellant ontstaan, voorbehou het—

(iv) moet die griffier van die hof wat die appellant verhoor het, by die griffier van die Hoogste Hof van Appèl [**ses afskrifte**] ’n afskrif van die oorkonde (**[waarvan een]** wat deur die eersgenoemde griffier gesertifiseer is) van die verrigtinge in die verhoorhof indien en [**soveel eksemplare**] een afskrif aan die Staat verskaf [**as wat nodig geag mag word**]: Met

dien verstande dat in plaas van die hele oorkonde, met die toestemming van die appellant en die Staat, **[afskrifte]** 'n afskrif (**[waarvan een]** wat deur die eersgenoemde griffier gesertifiseer is) van sodanige gedeeltes daarvan as waarop die appellant en die Staat kan ooreenkom as voldoende, deurgestuur mag word, in welke geval die Hoogste Hof van Appèl nietemin **[afskrifte]** 'n afskrif van die hele oorkonde kan aanvra;

- (v) mag die appellant teen betaling van die voorgeskrewe gelde van die griffier van die hof wat die appellant verhoor het, **[soveel eksemplare van die oorkonde of gedeeltes daarvan (na gelang van die geval), verkry as wat hy of sy nodig het]**, 'n elektroniese afskrif: Met dien verstande dat as die appellant **[te arm is om]** nie die voorgeskrewe gelde **[te]** kan betaal nie, die appellant die eksemplare kosteloos kan kry.
- (vi) Indien die appellant in aanhouding is, moet 'n harde kopie van die oorkonde aan die hoof van die korrektiewe fasiliteit beteken word, wat dit aan die appellant moet oorhandig.".

Wysiging van reël 53 van die Reëls

13. Reël 53 van die Reëls word hierby gewysig—

- (a) deur in subreël (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(1) Behalwe waar enige wet anders bepaal, sal al die beslissings wat hersien moet word van die besluite of verrigtinge van enige **[ondergeskikte]** laer hof en van enige regbank, kommissie of enige amptenaar wat geregtelike, kwasigeregtelike of afdwingbare pligte uitvoer, deur middel van 'n kennisgewing van voorstel deur die party wat die hersiening van sodanige besluit of verrigtinge versoek aan die toepaslike magistraat, voorsittende beampte of voorsitter van die hof, regbank of kommissie of die amptenaar gerig en **[afgelewer]** beteken word asook aan al die ander betrokke partye—".

- (b) deur in subreël (1) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) met 'n beroep op die toepaslike magistraat, voorsittende beampte, voorsitter of amptenaar om binne 15 dae nadat die kennis van voorstel ontvang is, 'n verslag aan die **[registrateur]** griffier te stuur van die versoek om sodanige verrigtinge te verbeter of ter syde te stel, insluitende sodanige redes wat die wet van die landdros, voorsittende beampte, voorsitter of beampte, na gelang van die geval, vereis of versoek om te verskaf of te verstrek en om die aansoeker te verwittig dat sodanige landdros, voorsittende beampte, voorsitter of beampte, na gelang van die geval, dit gedoen het.”.

(c) deur subreël (3) deur die volgende subreël te vervang:

“[(3) Die registrateur sal die verslag wat gestuur is, aan die aansoeker beskikbaar stel in terme van sodanige bepalings wat reeds genoem is wanneer die registrateur dink dit is toepaslik om die veiligheid daarvan te verseker en die aansoeker sal vervolgens toesien dat afskrifte van toepaslike gedeeltes van die verslag wat noodsaaklik vir die hersieningsdoeleindes is, gemaak word en sal twee afskrifte daarvan aan die registrateur voorsien en een afskrif aan elke ander party; die aansoeker moet elke juiste afskrif waarmerk. Indien daar enige transkriberingskoste is, sal die aansoeker verantwoordelikheid aanvaar om dit te betaal en dit sal deel van die aansoekskoste uitmaak.]

(3) (a) Die griffier moet 'n afskrif van die oorkonde bedoel in subreël (1)(b) wat aan hom of haar gestuur is, op die volgende wyse aan die aansoeker beskikbaar stel—

(i) deur die e-geregtigheidstelsel, waar operasioneel, as die aansoeker of sy of haar regsverteenvoerder toegang tot die e-geregtigheidstelsel het;

(ii) deur die aansoeker of sy of haar regsverteenvoerder se elektroniese posadres, as die aansoeker of sy of haar regsverteenvoerder nie toegang tot die e-geregtigheidstelsel het nie, maar 'n elektroniese posadres vir betekening gekies het; of

(iii) 'n harde kopie, by betaling van die voorgeskrewe kopiëringsheffing.

(b) Die aansoeker moet daarna 'n afskrif van sodanige dele van die oorkonde wat vir die doeleindes van die hersiening nodig mag wees,

aan die griffier voorsien, deur die e-geregtigheidstelsel, waar operasioneel, deur elektroniese pos of deur 'n harde kopie by die griffier in te dien.

(c) Die koste van transkripsie, indien enige, word deur die aansoeker gedek en is koste in die geding.”

Wysiging van reël 62

14. Reël 62 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreëls (1), (2), (5) en (7) onderskeidelik deur die volgende subreëls te vervang:

“(1) As 'n saak deur meer as een regter verhoor moet word, moet die griffier 'n afskrif van alle pleitstukke, belangrike kennisgewings, aanhangsels, beëdigde verklarings en dergelike vir die gebruik van elke addisionele regter **[ingedien word]** voorsien.

(2) Alle stukke wat by die hof ingedien word, deur die e-geregtigheidstelsel of die konvensionele metode, behalwe bewysstukke of 'n reproduksie daarvan, moet duidelik en leesbaar wees en indien dit gedruk **[of getik]** word, moet dit in **[permanente]** swart **[of blou-swart]** ink, net op een kant van papier wat van A4-standaardgrootte en van goeie gehalte moet wees. **[’n Stuk word geag getik te wees as dit duidelik op geskikte papier deur duplikasie, litografie, fotografie of enige ander kopieermetode gereproduseer is].”**

(5) Op die eerste bladsy van elke beëdigde verklaring wat deur of namens 'n respondent by die griffier ingedien word, moet, as daardie respondent verteenwoordig is, die naam en **[adres]** elektroniese posadres van die indienende **[prokureur]** regsverteenvoordiger verskyn. **[(7) Any party to a cause, and any person having a personal interest therein, with leave of the registrar on good cause shown, may at the registrar’s office, examine and make copies of all documents in such cause.]**

(7) Enige persoon kan alle stukke in 'n hoflêer bestudeer en afskrifte daarvan verkry—

(a) indien gedruk, by die kantoor van die griffier en by betaling van die voorgeskrewe gelde;

(b) deur die e-geregtigheidstelsel, waar operasioneel; of

(c) elektronies by 'n elektroniese posadres.”; en

(b) deur subreëls (8) en (9) by te voeg:

“(8) Stukke vir insluiting in 'n elektroniese bondel vir verhoor—

(a) moet, indien in harde kopie, geskandeer word en in PDF-formaat omgeskakel word en indien elektronies, in PDF-formaat omgeskakel word;

(b) indien 'n dokument nie na PDF-formaat omgeskakel kan word nie, na 'n geskikte formaat omgeskakel word by ooreenkoms tussen die partye om die insluiting van die dokument in 'n bondel vir verhoor te vergemaklik: Met dien verstande dat enige dokument wat aldus omgeskakel is, in die oorspronklike formaat behou moet word en vir produksie beskikbaar moet wees.

(9) Partye wat nie toegang tot die e-geregtigheidstelsel het nie, moet deur die dienstoonbank bygestaan word om aan die bepalinge van subreël (8)(a) te voldoen.”.

Inwerkingtreding

15. Hierdie Reëls tree in werking op 30 Januarie 2026.